

# Versot op blomme se soete nektar-verleiding

**Met die aalwyne en ander plante wat nou in en om Kimberley blom, kry ons besoekertjies soos die onvolwasse Namakwasuikerbekkie wat minder gereeld hier voorkom, maar ook hul deel van die nektar van hierdie pragtige plante wil geniet, laat weet Leon Venter. Hy skryf 'n ander besoeker wat ook hierdie tyd van die jaar kom inloer, is die Maricosuikerbekkie (foto), terwyl die witpenssuikerbekkie daagliks hier te siene is.** FOTO: LEON VENTER

Hoofartikel

# Oomblikke van winter verewig

**Die son se eerste strale blits kristalvonkies uit die witgerypte gras.**

Oor riviere en oor panne hang 'n koue mistigheid. Strak vingers van bladwisselende bome strek teen die winterblou lug op.

Voëls sit met opgepofte vere op die hoogste takke om die hitte van die eerste sonstrale te voel. Op die grond is die vierpotige grasvreters – skynbaar onaangeraak deur die koue – besig om te wei met flanke na die son gerig.

Die laaste van die herfsblare kraak onder skoensole. Aan krane hang yskristalle, en voetgangers blaas wolkies met elke verfrissende asemteug.

Wintervakansie kan die tyd wees om by die huis te bly en nie voor veel later die dag 'n neus by die deur uit te steek nie.

Immers bly 'n mens se tuiste die mees gerieflike plek om te wees. Dit is die plek waar jy sonder gedagte jou hand op iets kan lê; waar jy presies weet waar die warmwatersak en warmste kombers is – en die laaste van die wegsteek-sjokolade.

By jou eie plek weet jy teen oggendteetyd is die voorstoep 'n sonsaligheid; met middagkoffie skyn die laatmiddagson op die bankie by die agterdeur.

Vir ander beteken wintervakansie die uitwyk na ander dele van die land – selfs 'n buurland, waar die winter veel meer genadig is. Daar skyn die son behoorlik deur die dag op ontblote arms en bene. Teen sononder wanneer baadjies, langbroeke en stewels aangetrek word, het die son se strale selfs die koue om die hart verwarm, en 'n glimlag kom veel makliker.

Ook diegene wat nie vakansie in die winter het nie, beleef in vlugtige oomblikke winter-vakansies van weleer.

Dit kom met die reuk van lemoene, die runnik van 'n perd, die reuk van 'n kampvuur, die geknetter van 'n koolstoof, die smaak van botter op brood saam met 'n bakkie sop, die dralende rook uit 'n skoorsteen, die geknars van 'n stewel oor 'n witgerypte vlakte, die blou-pienk van die horison wanneer die winternag aanbreek.

Juweeltjie

**gras**
speekwoorde

- Die gras groei en die perd/koei vrek: Daar is iets drasties verkeerd.
- Dis nie alles gras wat groen is nie: Skyn bedrieg.
- Geen gras onder jou voete laat groei nie: Iets dadelik doen.

– **Bron: Pharos/VivA Afrikaans**

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as 'n e-publikasie by streeksnuus. netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

Twyfelhoekie

# Almal loop die ekstra myl nie ewe ver

HANNES NOËTH

**Soms kan 'n mens net verstom en verbaas staan oor die konteks van situasies.**

Rampe en onbeplande dinge oor ons lewenspad is nie vir een van ons onbekend nie.

Jy bestuur nog ewe gemaklik, ry deur 'n slaggat en het groot skade. Dit is lekker wanneer iemand kan help; dit is werklik swaar as hulp nie naby is nie.

'n Mens kan jou verbaas oor hoeveel ekstra myl iemand bereid is om te loop, selfs vir vreemdes en onbekendes, en dikwels is 'n mens ontstellend verstom oor hoe mense selfs aan bekendes nie wil hulp verleen nie.

Ek oordink hierdie situasie weer, van wanneer 'n mens help of nie help nie, met onlangse vloede in 'n spesifieke gemeenskap.

Dit is net wonderlik hoe maklik mense kan help, gee en voorsien wanneer ander se besittings alles in 'n oogwink weggespoel word.

Warm harte wat gee en gee.

Tog moet 'n mens ook die negatiewe hiervan oordink.

In 'n nag dat 'n klomp getraumatiseerde, verskrikte mense skielik slaapplek vir die nag moet vind, word aan 'n kerkdeur geklop om mense in 'n saal wat leeg staan te laat oornag.

Die antwoord is vriendelik, dog ferm. Nee – dit gaan ongemak skep.

'n Tweede klop aan 'n tweede kerkdeur word met dieselfde ongemak begroet.

Vriendelik, maar nee. Laat ons op 'n ander manier help. Dalk 'n pot sop maak.

'n Ander is meer gewillig. Natuurlik. Ons sluit alles oop. Koop matrasse, bring komberse.

Bring die koue, nat, verskrikte mense binne. Hier is min, maar hier is liefde.

SENTRAAL24

NOORDKAAP BULLETIN

| | | |
|---|---|---|
| **REDAKTEUR / EDITOR** | | |
| Helena Barnard | helena.barnard@media24.com | |
| **MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER** | | |
| Charné Kemp | charne.kemp.writer@gmail.com | |
| **ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS** | | |
| Natasha Ingram | natasha.ingram@media24.com | 082 567 3883 |
| **BETREKKINGS / VACANCIES** | | |
| Noleen Petersen | noleen.petersen@media24.com | 051 404 7813 |
| **REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES** | | |
| noordkaapbulletinlegals@media24.com | | 051 404 7600 |
| **GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS** | | |
| noordkaapbulletinadverts@media24.com | | 051 404 7600 |

**OMBUDSMAN**

Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com. Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).



Press Council FAIR

NoordkaapBulletin proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media, which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011-484-3612.

Potpourri

# Lewe is verganklik

KARIN MULLER

**Ons leef nie vir altyd nie. Uiteindelik is die wêreld soos ons dit ken net tydelik.**

Alles soos wat ons dit nou beleef, gaan ten einde loop.

Die huise waarin ons woon, gaan later deur iemand anders bewoon word. Die kantoor wat jy nou beman, gaan uiteindelik aan iemand anders oorgegee word. Jou stoel in die klaskamer gaan deur ander leerlinge of studente ingeneem word.

Onderwysers, werknemers, werkgewers en kollegas gaan aftree of wegtrek. So ook vriende, familie en bure.

Mense wat jy nou ken, gaan later nie meer deel van jou lewe wees nie. Sommiges omdat hulle nie meer leef nie. Ander omdat jul paaie geskei het.

Dinge wat nou aan ons bekend is, gaan deur ander, nuwer dinge vervang word.

Nuwe tegnologie. Nuwe soort aspekte van die lewe. 'n Nuwe maniere van doen.

Ons doen dinge vandag anders as 'n aantal dekades gelede. Oor 'n aantal dekades van nou af gaan dinge anders as vandag gedoen word. Dalk sonder ons.

Vir sommige mense is dit miskien 'n ontstellende gedagte, maar hierdie bewuswording verleen 'n unieke soort perspektief.

Uiteindelik gaan kosbare herinneringe al wees wat voortbestaan. Herinneringe aan wie jy was en wat jy gedoen het. Herinneringe aan hoe jy in mense se lewe ingepas het en of jy 'n positiewe verskil gemaak het.

Gebruik hierdie lewe en doen die beste wat jy kan, terwyl jy kan.

Want uiteindelik is die wêreld soos ons dit ken, vlietend.

Kameeldoring

# Rooyspan gaar op

GERDA-MARIÉ VAN ROOYEN

**Die nagevolg van 'n trek is die belofte om nie (weer) op te gaar nie.**

Rooymamma maak dit haar missie om skoon oppervlakke in die nuwe pastorie te handhaaf.

Ontrommel en bêre is nou deel van die spanplan. Maar die Rooyspan versamel steeds – konkreet en in geheuekamers.

Rooymamma probeer rekord hou van Ouboet se kwinkslae, maar tussen onthou en tik verdwyn dit in die boks van vergeet. So sou hy eendag na aanleiding van 'n boemelaar wat in 'n kokonkombers straataf loop en waarskynlik sonder heenkome is, vra of *adult orphans* bestaan.

Rooypappa versamel deesdae roosbome in alle geure en kleure, waarskynlik na aanleiding van sy vrou se drome en verlange na haar grootwordplek, Bloemfontein. Hy troetel en versorg die boompies getrou en doen navorsing. "Icebergs" word bespreek en Sussie gemotiveer om te wag totdat die rose blom.

Buiten blomme versamel sy nou plakkers en pleisters wat sy op haar vensterbank "wegsteek". Prentjies van hartjies, blomme en diere – en twee pleisters – baai daagliks in die son.

Ondanks Rooymamma se minimalistiese neiging was die vreugde groot toe Rooypappa met 'n ekstra stel foto's by die huis kom nadat Ouma Bos vir foto's van haar hartsmense as verjaardaggeskenk gevra het.

Fotorame is uit bokse gehaal en gehang. Marie Kondo het immers gesê dit is toelaatbaar om goed te hou wat vreugde bring. Dankie tog vir foto's – al neem dit ruimte op en tel dit tegnies as opgaar.